# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 25

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente.

Vraag 66: Wat is sakramente?



Antwoord: Dit is heilige, ...re tekens en seëls wat God ingestel het om ons ...ie gebruik daarvan die belofte van die evangelie ...er te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie beloft... ...at God vanweë die enige offer van Christus wat ... ...e kruis volbring is, vergewing van die sondes en di... ...e lewe uit genade skenk.

Vraag 67: Is ... oord en die sak... daarvoor be... ...m ons ge... Christus w... van ons ...


An... want die Heilig... ...s leer ons in ... ...amente dat ... ...ristus rus,

Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte



Johannes 3:5: Jesus antwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit water én Gees gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie.

1 Korintiërs 2:12: Ons het tog nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat van God kom, sodat ons kan weet wat God genadiglik aan ons geskenk het.


1 Korintiërs 12:3: Daarom maak ek aan julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God praat, sê “Jesus is vervloek!” nie, en niemand kan sê “Jesus is die Here!” behalwe deur die Heilige Gees nie.

Efesiërs 2:8: Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God.

Efesiërs 6:23: Vrede vir die broers, en liefde en geloof van God die Vader, en van die Here, Jesus Christus.

Filippense 1:29: Dit is immers ter wille van Christus aan julle as gawe gegee om nie net in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly.

**Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?**



**Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente.**

Matteus 28:19: Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees,


Romeine 10:17: Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus.

Efesiërs 1:17-18: Dan bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, vir julle dit sal gee: geestelike wysheid en openbaring, wat in die kennis van Hom bestaan, en dat die oë van julle harte verlig mag wees, sodat julle kan insien wat die hoop is wat sy roeping bied, wat die heerlike rykdom van sy erfenis vir die heiliges behels,

1 Petrus 1:22-23: Omdat julle julle innerlike, in gehoorsaamheid aan die waarheid, tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar innig met rein harte liefhê. Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad – deur die lewende en blywende woord van God.

## Vraag 66: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.



Genesis 17:11: Julle moet besny word aan die vlees van julle voorhuide. Dit sal dien as teken van die verbond tussen My en julle.

Levitikus 6:25: Praat met Aäron en sy seuns en sê, 'Dit is die voorskrifte vir die reinigingsoffer: Op die plek waar die brandoffer voor die HERE keelaf gesny word, moet die reinigingsoffer ook keelaf gesny word. Dit is besonder heilig.


Deuteronomium 30:6: Die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, sodat jy die HERE jou God met hart en siel sal liefhê, sodat jy kan leef.

Jesaja 6:6-7: Een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool by hom wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het. Hy het my mond aangeraak en gesê: "Kyk, dit het jou lippe aangeraak, jou sondeskuld het gewyk, daar is vir jou sonde versoening gedoen."

Jesaja 54:9: "Soos in die dae van Noag is hierdie tyd vir My: Ek het 'n eed afgelê dat die water van Noag nie weer die aarde sal oorstroom nie. Net so het Ek 'n eed afgelê om nie weer toornig te wees op jou en jou te dreig nie.

Esegiël 20:12: Ook my Sabbatte het Ek vir hulle gegee, sodat dit 'n teken sou wees tussen My en hulle, sodat hulle kon besef dat Ek, die HERE, hulle heilig.

Vraag 66: Wat is sakramente?




Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

Romeine 4:11: Hy het die teken van die besnydenis as 'n seël ontvang – 'n seël van die geregtigheid van die geloof wat hy gehad het terwyl hy onbesnede was. So het hy die vader geword van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat dit ook vir hulle as regverdiging toegereken kon word.

Hebreërs 9:7-9: Maar by die tweede tent gaan net die hoëpriester in, en dit slegs een keer per jaar, en nie sonder bloed wat hy vir homself offer, en vir die sondes wat die volk onwetend gedoen het nie. Daarmee dui die Heilige Gees aan dat die weg na die heiligdom nog nie oopgestaan het solank die voorste tent nog bestaan het nie. Dit versinnebeeld tot op hede hoe gawes en offers gebring is wat nie in staat was om die gewete van die een wat die offer bring, volkome te reinig nie

Hebreërs 9:24: Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn;

Vraag 67: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?



Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is

Romeine 6:3: Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus in gedoop is, in sy dood in gedoop is nie?

Galasiërs 3:27: want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek.

Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente.

Vraag 66: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

Vraag 67: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is

Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

## SONDAG: 25 - VRAAG EN ANTWOORD: 65

Vraag: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte[1] deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente[2]

1 Johannes 3:5: Efesiërs 2:8: Efesiërs 6:23: 1 Korintiërs 2:12: 1 Korintiërs 12:3: Filippense 1:29

2 Matteus 28:19: Romeine 10:17: Efesiërs 1:17-18: 1 Petrus 1:22-23

## SONDAG: 25 - VRAAG EN ANTWOORD: 66

Vraag: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk[1].

1 Genesis 17:11: Levitikus 6:25: Deuteronomium 30:6: Jesaja 6:6-7: Jesaja 54:9: Esegiël 20:12: Romeine 4:11: Hebreërs 9:7-9: Hebreërs 9:24

## SONDAG: 25 - VRAAG EN ANTWOORD:67

Vraag: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is[1]

1 Romeine 6:3: Galasiërs 3:27

## SONDAG: 25 - VRAAG EN ANTWOORD:68

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.